

# 'N VERSLAG OOR DIE VERSAMELING VAN SAAD VAN 'N SWART RENOSTERBUL (*DICEROS BICORNIS*)

E. YOUNG

Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria\*

## OPSOMMING

'n Eenvoudige masturbasiemetode word beskryf waarvolgens semen van 'n swartrenosterbul, van die Nasionale Dieretuin in Pretoria, gekollekteer was.

## SUMMARY

A simple masturbation technique is described whereby semen was collected from a Black Rhinoceros bull in the National Zoological Garden, Pretoria.

## INLEIDING

Enige verwysing na 'n effektiewe metode om saad van 'n swartrenoster te kollekteer, kon nog nie opgespoor word nie.

Alhoewel die swartrenosterkoei van die Pretoriase Dieretuin gereeld bronstig geword het, kon die swartrenosterbul nog nie daarin slaag om haar te dek nie. Hierdie bul is, soos die meeste ander swartrenosters, aggressief, maar hy laat 'n mens dikwels toe om aan hom te vat.

Die gedagte het ontstaan om die koei kunstmatig te insemineer. Aanvanklik was daar gepoog om saad met behulp van kunsvagina's

(perd- en beestipes) te kollekteer, maar om praktiese redes moes hierdie metode laat vaar word. Die natuurlike kromming van die renoster se penis (fig. 1) het die gebruik van die bogenoemde kunsvagina's onmoontlik gemaak. Die renosterbul kon op geen manier beheer word nie en dit sou 'n gewaagde onderneming wees om die bul elektries te stimuleer. Met die metode, wat hieronder beskryf word, was drie semenmonsters op drie verskillende geleenthede versamel. (Sien tabel).



Fig. 1



Fig. 2.

## METODE

Die renosterbul is na die heining gelok waar hy 'n bietjie meel ontvang het. Die bul is dan in die lies, om die skede en oor die perineum

\*Huidige adres: Nasionale Kruger-Wildtuin, Pk. Skukuza.



Fig. 3.

gekrap totdat die penis deur die skedering verskyn het. Die een hand word dan versigtig in die skede opgedruk en die penis word vasgevat en verder uitgetrek. Terwyl die penis daarna met die een hand aan die vlerkvormige verdikkings vasgevat word, word die punt van die penis met die ander hand in 'n afwaartse rigting masseer (fig. 2). Terwyl die penis verleng, word die proksimale gedeelte uit die skede getrek. Hierdie gedeelte van die penis bevat 'n klomp kronkelende, vlak bloedvate. Sodra druk oor hierdie bloedvaatryke gedeelte toegepas word swel die penis baie vinnig en neem die penis 'n meer reguit vorm aan (fig. 3).

Wanneer hierdie stadium van ereksie bereik word, word 'n latex tregter met 'n gegradeerde proefbuis aan die punt oor die penis gevou en die penis word aanhoudend van agter na voor gemasseer. Die renoster trap baie rond en jaag 'n mens dikwels uit die kamp. Dit was dus soms

nodig om die werk vir 'n kort rukkie te staak totdat die bul weer kalmere het. Die bul moes gewoonlik vir meer as 15 minute gemasseer word voordat enige saad opgevang kon word.

## RESULTATE

Die volgende monsters was op drie verskillende geleenthede gekollekteer:

Datum	Tydsduur van Massering	Volume van Monster	pH	Kleur	Digtheid
Nov. '64	min. $\pm 20$	15 ml.	8.0	Geel	Dun melkerig
Mrt. '65	15	3 ml.	—	Geel	Dun melkerig
Apr. '65	45	3 ml.	7.3	Geelbruin	Dik melkerig

By mikroskopiese ondersoek van die monsters was daar baie dooie spermatozoa, plaveiteelselle en neutrofile gevind. Die spermatozoa het oor relatiewe lang sterte beskik en die ovaalvormige spermkoppe was relatief skerp.

## BESPREKING

Hierdie voorlopige resultate dui slegs daarop dat dit wel moontlik is om deur middel van massering van die penis semen van 'n swartrenoster te kollekteer. Die saadmonsters was van 'n swak gehalte, maar dit sluit nie die moontlikheid uit dat beter monsters deur die toepassing van hierdie metode verkry kan word nie.

# A selection of Baillière's Veterinary Books

---

- ARTHUR: Wright's Veterinary Obstetrics.**  
*By G. H. Arthur, D.V. Sc., F.R.C.V.S.*  
3rd Edition, 560 pages, 313 illustrations (2 in colour) 63s.
- BLOOD & HENDERSON: Veterinary Medicine.**  
*By D. C. Blood, B.V. Sc., and J. A. Henderson, M. S.,  
D.V.M.* 2nd Edition, 1,240 pages, 21 tables. 90s.
- DOUGLAS & WILLIAMSON: Principles of Veterinary Radiography.**  
*By S. V. Douglas, M.R.C.V.S. and H. D. Williamson,  
M.S.R.* 256 pages, 331 illustrations. 45s.
- LUMB: Small Animal Anaesthesia.**  
*By William V. Lumb, D.V.M., M.S., Ph.D.*  
420 pages, 125 illustrations. 90s.
- MARSH: Newsom's Sheep Diseases**  
*By M. Marsh, D.V.M.*  
3rd Edition. 470 pages, 113 illustrations. 76s
- SCHALM: Veterinary Hematology**  
*By O. W. Schalm, D.V.M., Ph.D.*  
2nd Edition. 400 pages, 65 illustrations, 21 coloured plates 96s.
- SCHWABE: Veterinary Medicine & Human Health**  
*By C. A. Schwabe, M.S., D.V.M., M.P.H., Sc.D.*  
534 pages, 92 illustrations. 128s.
- SOLTYS: Bacteria and Fungi Pathogenic to Man and Animals.**  
*By M. A. Soltys, B.V. Sc., M.A., Ph.D., D.M.Vet.*  
548 pages, 8 pages of plates. 84s.
- SPRENT: Parasitism.**  
*By J. F. A. Sprent, D.Sc., Ph.D., F.R.C.V.S.*  
172 pages. 22s. 6d.
- WHITE & JORDAN; Veterinary Preventive Medicine.**  
*By E. G. White, D.Sc., Ph.D., F.R.C.V.S. and  
F. T. W. Jordan, Ph.D., B.Sc., M.R.C.V.S.*  
340 pages, 12 pages of plates. 30s.
- 

**Baillière, Tindall & Cassell**

7 & 8 Henriette Street, London, WC 2